**Brood, wyn en KFC vir Afrika se honger**

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/wyn-brood-en-kfc-vir-afrika-se-honger-20170407

In Suid-Afrika bly armoede een van die grootste uitdagings en die Christelike geloof is die grootste godsdiens. Volgens Statistiek Suid-Afrika het meer as 84% van die Suid-Afrikaanse bevolking aangedui dat hulle godsdienstige affiliasie die Christelike godsdiens is en volgens ietwat ouer statistiek van CASE (Community Agency for Social Enquiry) neem 90% van mense tussen die ouderdom 18 en 35 ten minste eenmaal per maand aan ŉ aanbiddingsgeleentheid soos ŉ erediens deel. In die lig van die land se uitdagings, spesifiek ook ten opsigte van armoede en werkloosheid, sou daar redelik maklik geargumenteer kon word dat daar dalk ŉ bietjie minder gebid en gesing en Nagmaal gevier en gepreek moet word. Sommiges mag meen dat mense veel eerder hulself met sinvolle funksionele aktiwiteite moet besig hou, aktiwiteite wat kapitaal genereer. Na aanleiding van ŉ internasionale navorsingsprojek wat onlangs afgesluit is en waarvan die boekpublikasie getiteld *Bread & Wine & KFC. A ritual lens on social capital formation in African Independent Churches in South Africa* later vanjaar verskyn, is daar bevind dat die genoemde godsdienstige aktiwiteite wel kapitaal genereer, kapitaal wat krities is in die voortgaande stryd wat gevoer word teen armoede. Die kapitaal wat hier ter sprake is, is sosiale kapitaal. Vir sosiale kapitaal is daar verskeie definisies. Die meeste van hierdie definisies inkorporeer almal die konsepte 'bonding', 'bridging' en 'linking' kapitaal wat moeilik is om te vertaal, maar wat vir die doeleindes hier vertaal word met 'bind', 'brug' en 'koppel'. In essensie kom dit neer op die wyses waarop mense as ŉ groep, byvoorbeeld ŉ plaaslike gemeente, onderlinge verhoudings het en dus sodoende 'bind'. Verder ook hoe so ŉ groep grense tussen hulself en ander groepe, byvoorbeeld ŉ buurgemeente of ŉ groep in ŉ ander woongebied, kan oorbrug, dus die 'brug'. En laastens gaan dit ook oor die wyse waarop hierdie groepe daarin slaag om te skakel, die 'koppel', met groepe of instansies op ander vlakke van die samelewing, byvoorbeeld die plaaslike gemeente wat kan koppel met die plaaslike regering maar ook plaaslike ondernemings. Sosiale kapitaal het dus in die eerste plek niks met geld of beleggings te make nie, maar gaan eerder oor verhoudings binne samelewingsverbande en spesifiek die aard van daardie verhoudings. Sosiale kapitaal is verder al omskryf as die 'missing link' in sosiale ontwikkeling wat armoedebestryding insluit. Die generering van sosiale kapitaal staan dus direk in verband met armoede. Gemeenskappe wat daarin slaag om ŉ hoë vlak van sosiale kapitaal te genereer, is dikwels samelewings wat daarin slaag om beter saam te werk, in ŉ groter deel van hul gemeenskappe se materiële behoeftes te voorsien, en daarmee saam ook om byvoorbeeld beter geleenthede vir mense te verseker. Om in gemeenskappe waar daar materiële nood heers net ŉ klomp geld in te stort, is dikwels nie ŉ oplossing nie. Navorsing het al aangetoon dat daar aktief na wyses gesoek moet word waarop verhoudings (op verskeie vlakke) in gemeenskappe gebou kan word wat sake soos vertroue en waardes verbeter. Wanneer verhoudings sodanig ontwikkel word, anders gestel wanneer sosiale kapitaal gegenereer word, dan is die ander ontwikkelingspogings ook dikwels meer suksesvol. Soos wat verwag kon word, is dit die bindingskapitaal wat die meeste gegenereer word in en deur die rituele aktiwiteite van geloofsgemeenskappe, soos byvoorbeeld om saam te bid, saam te sing of om saam brood te

breek. Die kwaliteit of aard van die bindingskapitaal wat deur godsdienstige rituele gegenereer word, het egter ŉ besondere kwaliteit wat anders is as die bindingskapitaal wat deur ander nie-godsdienstige organisasies gegenereer word. In ons navorsingsprojek het dit daarop neergekom dat bevind is dat daar eerder en spesifiek van religieuse sosiale kapitaal gepraat moet word, aangesien godsdienstige rituele ŉ soort sosiale kapitaal genereer wat kwalitatief anders is in terme van volhoubaarheid maar ook ander karaktertrekke. In (Suid-)Afrika is dit verder ŉ spesifieke soort godsdienstige bindingskapitaal wat die Westerse dualistiese denke gewoon ignoreer en waar hierdie binding nie alleen tussen mense onderling geskied nie, maar ŉ soort binding is wat ook plaasvind tussen mense en groepe en die geestewêreld van Afrika. In hierdie opsig is dit belangrik om ook in ag te neem dat godsdiens in Afrika bykans altyd te make het met ŉ aktiewe omgang met ŉ wêreld van onsigbare magte wat beskou word as om mag te kan uitoefen oor die materiële wêreld. In en deur deelname aan godsdienstige rituele, soos gemeentesang, bid, doop en genesingsrituele, word godsdienstige bindingskapitaal gegenereer wat die deelnemers met hulle saamneem in al die sfere van die samelewing waar hulle betrokke is. Gegrond op ons navorsing kan ons dus die vraag in die titel van hierdie artikel positief beantwoord. Om te bid is ŉ godsdienstige ritueel wat saam met die beoefening van ander godsdienstige rituele ŉ baie besondere soort sosiale kapitaal genereer wat van groot belang is in Suid-Afrika en inderdaad ŉ positiewe invloed kan uitoefen op die probleem van armoede. Ons is oortuig daarvan dat ons land en kontinent baie slegter daarvan af sou gewees het, sonder hierdie spesifieke vorm van sosiale kapitaal. Ja, natuurlik is daar ook ŉ potensiële donker rantjie. Net soos godsdiens ŉ positiewe impak kan hê, is daar die moontlikheid van ŉ negatiewe impak aangesien godsdienstige rituele onder andere deur mense bedryf word. ŉ Onlangse voorbeeld in hierdie verband is die *Doom*inee. Een *Doom*inee se manewales moet egter nie die goeie werk van duisende ander Dominees verduister nie. Bid dus gerus vir die land in die groep waar jy jou godsdiens beoefen, en nog beter, bid van tyd tot tyd ook doelbewustelik saam en oor grense heen om die kwaliteit van die sosiale kapitaal wat julle gemeente genereer nog verder te verhoog. Sodoende sal Sondagoggende in ons land nie Martin Luther King Jnr se "mees gesegregeerde uur van die week" wees nie, maar eerder ŉ tyd waar ook brugkapitaal gegenereer word. Hierdie brugkapitaal sal net soos die bindingskapitaal ŉ besondere soort brugkapitaal wees wat kwalitatief anders is as wat deur enige ander organisasie gedoen kan word.

Cas Wepener is Professor en Hoof van die Departement Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria en Ignatius Swart is Professor in die Departement Godsdiens en Teologie, Universiteit van die Wes-Kaapland. Beide skrywers is ook redakteurs van die vermelde boek, saam met Proff. Gerrie ter Haar en Marcel Barnard van Nederland.